



Bosluis oordraagbare siektes by beeste

Dr Charles Gilfillan BSc(Agric) BVSc(Hons)
Tegniese Bestuurder Afrivet besigheids bestuur

Daar is drie bosluis oordraagbare siektes van belang by beeste, Hartwater, Anaplasma of Bosluis oordraagbare Galsiekte en Babesiose of Rooiwater.

Anaplasmosse

Anaplasma is die mes wydverspreide bosluis-oordraagbare siekte want dit word deur 5 verskillende bosluis spesies en deur vleie oorgedra. Dit is ook al bewys dat ongesteëliseerde naalde ook 'n bron van infeksie kan wees. Onder intensiewe toestande soos in 'n melkery en in voerkrale kan stal vleie 'n meganiese vektor van galsiekte wees.

Anaplasmosse word deur die parasiet *Anaplasma marginale* veroorsaak. Meeste uitbrake van Galsiekte kom in die somer en herfs voor. In jare waar bosluis getalle, veral bloubosluis hoog is kan uitbrake ook in winter maande voorkom.

Die inkubasie periode van galsiekte is tussen 4 en 6 weke. Kliniese tekens sluit in hoe koors van 40°C, bleek slymvliese wat partykeer later geel word. Die beeste is lusteloos en swak as gevolg van bloedarmoede. Rumen werking word onderdruk wat hardlywigheid veroorsaak. Beeste sal vrek as hulle nie behandel word nie. Kliniese tekens sal 'n goeie aanduiding wees dat die diere galsiekte het maar die diagnose kan net bevestig word met behulp van 'n bloedsmeer.

Galsiekte kan maklik in die vroeë stadium met rooiwater verwar word. Dit is belangrik om in gedagte te hoe wanneer 'n besluit gemaak word oor water behandeling gegee gaan word.

Rooiwater



Rooiwater of babesiose word deur twee parasiete naamlik *Babesia bigemina* (Afrika rooiwater) en *Babesia bovis* (Asiatiese rooiwater) veroorsaak. *B. bigemina* word deur die Afrika Bloubosluis (*Boophilus (R) decoloratus*) oorgedra en *B. bovis* word deur die Asiatiese Bloubosluis (*Boophilus (R) microplus*) oorgedra.

Foto 1 Bloubosluis op die nek vel van 'n bees

Bloubosluis en Rooiwater kom in meeste dele van Suid Afrika voor behalwe die droë westelike deel van Suid Afrika en dele van die Wes Kaap. Bloubosluis getalle bereik 'n hoogtepunt tydens herfs en vroeg in die winter. As gevolg van die hoe bloubosluis getalle in herfs en die begin van

winter kom die meeste gevalle van rooiwater tydens herfs en vroeg in die winter voor. Maar as die bloubosluis getalle baie hoog is kan rooiwater gevalle ook later in die winter voorkom.



In die vroeë stadium van Rooiwater toon beeste net 'n koors van 40°C of hoer. Tekens van lusteloosheid en swakheid as gevolg van bloedarmoede sal 'n paar dae later gesien word. Slym vliese sal bleek word en later sal die geelsug gesien word. Geelsug word meestal in beeste wat meer as week siek is gesien. Die tipiese teken van rooi urine is meer algemeen in beeste wat met Afrika Rooiwater besmet is as in beeste wat met Asiatiese Rooiwater besmet is maar dit word nie in alle gevalle gesien nie.

Beeste wat Asiatiese Rooiwater onderlêde het kan ook die brein vorm van Asiatiese Rooiwater toon. Dit is 'n geweldige akute siekte en meeste beeste vrek oornag. Besmette beeste toon senuwee tekens soos aggressie, stuiptrekkings en terugrol van oë. Beeste kan ook in sirkels loop en hulle koppe teen voorwerpe druk. Hierdie vorm van Rooiwater kan met hartwater verwar word.

Beeste herstel gewoonlik makliker van Afrika Rooiwater as van Asiatiese Rooiwater. Soos met Galsiekte is sal kliniese tekens 'n goeie aanduiding gee dat 'n bees Rooiwater onderlêde het maar die diagnose kan net met behulp van 'n bloedsmeer gedoen word. Behandeling is noodsaaklik om die dood van aangetaste beeste te verhoed.

Hartwater

Hartwater kom nie so wydverspreid voor as Galsiekte en Rooiwater. Die rede hiervoor is dat die bosluis vektor van hartwater die Bont Bosluis (*Amblyomma hebraeum*) kom net in die vogtige dele van Suid Afrika voor, naamlik die bosveld en oostelike kus gebiede. Net die volwasse botbosluis voed op beeste, die onvolwasse stadiums van die bontbosluis voed op klein soogdiere en grondvoëls. Dit maak dit onmoontlik om die bosluis uit te rooi.



Foto 2 Volgesuipte Bontbosluis wyfie

Volwasse botbosluise getalle bereik 'n piek in die somer maande. Daarom word meeste van die hartwater gevalle in somer gesien.

Hartwater word deur die organisme *Cowdria runinanticum* veroorsaak. Die hartwater organisme besmet die selle van bloedvate. Dit veroorsaak dat vloeistof uit die bloedvate beweeg en versamel in die liggaam. Die versameling van vloeistof in die hart sak van aangetaste beeste is waar die naam hartwater vandaan kom. Vloeistof versamel ook om die brein wat druk op 'n aangetaste diere se brein sit. Die druk op die brein is wat die kenmerkende senuwee tekens van hartwater veroorsaak.

Beeste begin tekens te wys 9-29 dae nadat hulle deur bosluise gebyt is. Diere in die vroeë stadiums van hartwater toon lusteloosheid, koors van 40°C en hoer, moeilike asemhaling en hoog trap bewegings. Later wys die diere uitgesproke senuwee tekens soos kou aksies en hulle stoot hulle koppe teem vaste voorwerpe. Later sal die beeste op hul sy lê en toon trap bewegings met hulle bene asof hulle hardloop.

Behandeling van bosluis oordraagbare siektes

Galsiekte en Rooiwater kan maklik verwar word veral in die vroeë stadium van infeksie. Diere met Galsiekte en Rooiwater toon aanvanklik tekens van lusteloosheid, bleek slymvliese en koors. Rooi urine word nie altyd gesien in Rooiwater en geelsug kom voor in later infeksies van albei Galsiekte en Rooiwater.

Oksitetrasilien bevattende antibiotikas soos die **Ultratet** en **Ultratet LA** van Afrivet kan gebruik word vir die behandeling van galsiekte. Maar dit moet net gebruik word vir gevalle van Galsiekte wat deur middel van 'n bloedsmeer bevestig word. Die rede is dat daar altyd die moeiklinkend is dat die tekens

van Rooiwater met die siekte tekens van Galsiekte verwar kan word. Rooiwater kan nie met Oksitetrasilkien behandel word.

Daarom is die produk van kuise vir die behandeling van albei Galsiekte en Rooiwater (Asiatiese en Afrika Rooiwater) is **Imidox**. **Imidox** bevat Imidokarb en die dosis vir die behandeling van Rooiwater en Galsiekte is 2,5ml/100kg. **Imidox** teen hierdie dosis sal ook die beeste teen Asiatiese Rooiwater vir 4 weke beskerm en beeste teen Afrika Rooiwater vir 6 weke beskerm. **Imidox** word toegedien deur middel van onder vel of binnespiers inspuittings.

Oksitetrasilkien bevattende antibiotikas soos die **Ultratet** en **Ultratet LA** van Afrivet is die behandeling van keuse vir Hartwater. Behandeling van siek beeste is mees effektief wanneer dit in die vroeë stadium van die siekte gegee word. Beeste wat op hulle sy lê het meestal te veel brein skade op gedoen om suksesvol te herstel. Die kortwerkende **Ultratet** sowel as die langwerkende **Ultratet LA** kan gebruik word vir die behandeling van hartwater. Die verskil is dat die behandeling met die kortwerkende **Ultratet** moet daagliks herhaal word totdat die dier herstel het. Waar net een inspuiting van **Ultratet LA** meestal benodig word vir die behandeling van hartwater. **Ultratet** en **Ultratet LA** word deur middel van 'n binnespiers inspuiting toegedien.

Verwysings

1. Siektes en Parasiete van Beeste, Skape en Bokke in Suid Afrika., 2^{de} uitgawe., Hoofredakteur: Oberem, P., Afrivet Besigheids Bestuur., 2007., Brightmark., Suid Afrika.
2. The Merck Veterinary Manual, 8th Edition, Editor, Susan E Aiello., 1998, Merck & CO., INC, Whitehouse Station, N.J., USA
3. Afrivet, Data op lêer.

Ultratet Reg.No. G3117 Wet 36/1947. Ultratet LA Reg.No. G2857 Wet 36/1947. Imidox Reg.No G3257 Wet 36/1947
Registrasie houer: Afrivet Business Management (Pty) Ltd. Co. Reg. No 2000/011263/07. Posbus 2009, Faerie Glen 0043.
Tel:012 991-6416 Fax:012 991-6417. Hulplyn 0860 VEEARTS. www.afrivet.co.za
Desember 2010

